OOS-TVL

DRAKENSBERGER

KLUB

OTDK NUUSBRIEF 2012

Die eerste Nasionale veiling is op 25 Augustus 1964 te Ermelo aangebied. Reeds in 1984 huisves Ermelo die 21ste veiling. Vanjaar is dit die 49ste veiling van die OTDK en die Gryshoek kudde was deurgans betrokke.

Die stigtingsvergadering van die Oos Transvaalse Drakensbergerklub vind op 17 November 1971 te Ermelo plaas en op 6 Desember van dieselfde jaar is die Konstitusie van die OTDK goedgekeur op 'n Spesiale Algemene Jaarvergadering.

Die gebied waar ons lede boer is seker die strafste suurveld met lang en koue winters en in die meeste gevalle is daar geen oesreste beskikbaar nie. Ons diere is aangewese op natuurlike weiding en loop op Rooiwater en Galsiekte veld. Die tipografie van ons gebied wissel van vleie, leegtes, gelykveld, berge en selfs mynhope. Bulle uit Mpumalanga pas oral aan en loop wyd verspreid van Limpopo tot in die Oos-Kaap, selfs in buurstate soos Namibia, Botswana en Swaziland.

Van die oudste en bekendste kuddes word in hierdie klub verteenwoordig, maar daar is ook altyd plek en ruimte vir jong en opkomende telers. Prestasies en toekennings uit hierdie groep telers is allerwee bekend. Teelwaardes word deur ons as telers aangewend om ons produk te verbeter en ons slaag dan ook uitstekend daarin om 'n mediumraam vroegryp tipe bees te teel wat landswyd aangepas is. Verder is ons verseker van eenvormigheid met 'n sterk erfdwang. Variasie binne die ras maar ook binne kuddes verseker dat kopersvoorkeure bevredig word.

OTDK se lede behaal ook telkemale nuwe Rekord pryse vir manlik en vroulike diere. Ons dink maar net aan Swartkor, Embee en Buffalo Valley soos onlangs weer met BV Tandarts vir R 115 000.00

GRYSHOEK DRAKENSBERGER STOET

Net soos Swart Dirk Uys sinoniem is met die Uysbees van destyds is MJ Uys (oom Joey) sinoniem met die Drakensberger. Wat 'n voorreg het ons hier by Gryshoek om op die fondament van so 'n merkwaardige man voort te bou. Ons strewe is die behoud van eienskappe wat die Drakensberger een van ons voorste inheemse vleisrasse gemaak het naamlik: ekonomiese produksie van vleis onder uiterste omstandighede. Ons doelwit is vrugbaarheid as 'n funksie van aanpasbaarheid en die teel van diere wat in enige produksiestadium kondisie handhaaf onder ekstensiewe veldtoestande. Ons trots is die voorreg om met hierdie wonderlike beesras te kan voortboer in die spore van ons voorouers. Verder onderneem ons om geen bul te bemark wat ons nie self bereid is om te gebruik nie. So word alle bulle self eers twee dekseisoene gebruik. Ons glo in topfiks bulle en daarom word die bulle vir 80 dae elke dag 4 kilometer met perde gejaag en moet hul ook nog 2 kilometer na die water toe stap.

Ons dienswaarborg is Eerlikheid en Integriteit.

Johan Uys 084 585 1464

Pikkie Uys 072 402 0380

MOEILIKHEID

The Moeilikheid Drakensberger stud was founded by owner, Kobus Davel in 1986. The first females were selected from the best commercial cows that were well adapted to the farm Uitvlugt near Dullstroom in the old Eastern Transvaal, now Mpumalanga province. These Drakensberger cows were pure bred since early 1960's by the late father of Kobus.

The stud has grown into one of the best Drakensberger studs in the country. Each year Kobus hosts a production sale with some of the finest pure bred bulls. This year, 2012, is the 25th production sale, and hosted on his farm, Uitvlugt.

Every year, from the best of his stud, bulls are presented on the annual OTDK bull sale in Ermelo. This year is no exception, and do make the best buy with a Moeilikheid stud bull.

Kobus Davel 083 625 6806

EMBEE DRAKENSBERGER STOET

Die Embee kudde het sy ontstaan gedurende 1985 met die aankoop van 30 Stoetkoeie uit Kranspoort- en Buffalo Valley Stoet kuddes. Opgradering vanuit die kommersiële kudde is vir 15 jaar gedoen. Die kudde is reeds geslote vir 25 jaar en slegs bulle van verskeie kuddes is aangekoop. Vrugbaarheid is nog altyd die belangrikste seleksie kriteria en is 'n TKP van onder 400 dae vir etlike jare gehandhaaf. As ek terug kyk na diere wat presteer het in die stoet, is dit die diere wat opgeteel is van die kommersiële kudde.

Die kudde loop meerendeels op gerehabiliteerde myngronde en dit bring sy eie unieke probleme. Meerbul-parings word gebruik en al die kalwers se vaderskap word deur DNS bepaal. Klem word gelê op bulle met al die "B"s: bekke, bene, balans, breedte en ...skrotum. Bulle uit 'n wye verskeidenheid kuddes is reeds in die Embee Kudde gebruik en K.I. word ook toegepas met uitgesoekte bulle en hier poog ons ook om 'n bul te teel wat weer terug gebruik kan word in die kudde.

Daar is nooit gepoog om toekennings te verwerf nie, dit het met die tyd gebeur. Vir die afgelope 15 jaar was die kudde 'n finalis in die LNR se Vleisbeesverbeterings Kudde van die Jaar ingesluit drie keer wenner van Mpumalanga 2005, 2007 en 2010. Farmers Weekly koei vir 2005 en 2012. 4 Bayer Platinum toekennings met 'n eerste vir die Drakensbergers. Uit 8 bulle vir fase C getoets ontvang 6 Goue en 1 Silver meriete. Met trots kan ek sê dit was almal suiwer Embee geteelde diere. Die hoogte punt was sekerlik Embee Elias 3 (EMB99034) 'n Goue meriete bul wat in 2003 vir die rekord prys destyds verkoop is en sy invloed op my kudde is steeds sigbaar.

Magiel Blom 082 459 9739/ magielblom@vodamail.co.za

KLEINZONDERHOUT

Peet van Vuuren koop die plaas en Stormveld Drakensbergers van Gerrit Jordaan in 1998 en begin so die Kleinzonderhout Drakensbergerstoet. Vir verskeie jare word rekord pryse betaal vir uitgesoekte bloedlyne in vooraanstaande stoetkuddes en is dit steeds ons strewe om die beste genetika te bekom en om net die beste te gebruik.

Kleinzonderhout Drakensbergers word geselekteer vir vrugbaarheid, veldaanpasbaarheid, vleiseienskappe en groei vermoë. Ons beeste loop op strawwe Rooiwater en Galsiekteveld.

Gehalte is ons Trosts.

Peet van Vuuren 082 804 2773 of peetvanvuuren@lantic.net

BELL MORGAN RANCH DRAKENSBERGERS

Bell Morgan Drakensbergers is geleë te Belfast Mpumalanga. Dis 'n ekstensiewe Beesboerdery wat slegs afhanklik is van die veld, winterlek en beperkte hoeveelheid hooi wat net aan lakterende koeie gevoer word.

Bell Morgan Ranch beeste word aan die mees ekstensiewe toestande moontlik blootgestel, die bulle word vir twee jaar op witrand weiding gesit en slegs die mees geharde bulle maak dit. Bloedlyne wat die afgelope 12 jaar in die boerdery gebruik is, sluit in Waldberg, Gryshoek en Buffalo Valley.

BMR se visie is om geharde, vrugbare veld aangepaste beeste vir die mark te verskaf.

Jim Roos 082 322 2380

BLYDE STOET vir Drakensbergers met gebalanseerde Teelwaardes.

Eli en Shirley vd Merwe se Blyde Drakensberger Stoet is in 1978 begin met 20 verse van Jenvos.

Prestasie toetsing was van die begin gebruik om met SP bulle Blyde stoet te verbeter. Die bulle wat gebruik was kom van Jenvos, Swartbult, Buffalo-Valley, Grasmunt en Reinburg. Om die genetiese spoor groter te maak is Embee, Jatro, Gryshoek en Rouvus bygebring. Bulle van die kuddes is gekies met versigtige oorweging van hulle teelwaardes om 'n kudde te bou met mediumraam, vrugbare diere aangepas op die suurweidings van Mpumalanga se berge. Teelwaardes is gebruik om geboorte gewig neutraal te hou sonder om speen gewig te verminder.

Amptelike Fase D toetse vir alle bulkalwers en nie-amptelike fase D toetse vir verse word gebruik om die akkuraatheid vir die teelwaardes van die kudde te verhoog. Ons is trots dat 70% van die teelwaardes van kalwers gebore in 2011 bo die ras gemiddeld is.

Die bulle wat nou aangebied word het Fase D geslaag, is gekeur, deur ons uitgesoek en deur ons Drakensberger Beskermhere aanvaar vir hierdie veiling. Kom koop u uitsoek bul. Met ons Drakensberger Beestelersgenootskap se Handleiding van 2011 is ek weereens beindruk met ons ras se Standaard van Voortreflikheid waaraan voldoen moet word om 'n Drakensberger gekeur te kry. Daar is NIKS mooier as 'n blink Drakensberger op groen gras.

Eli vd Merwe 076 453 0826/ elishirl@vodamail.co.za

TALMAN DRAKENSBERGERS

Talman Drakensberger stoet het sy ontstaan in 1996 gekry. Met die inkoop van Lang Carel se top genetika, kon ons nie anders as om die bloedlyn voort te laat leef nie. Ons het die beter vroulike diere (wat reeds in die vroeë 1980's deur my pa suiwer geteel is) uit ons kommersiële kudde voorgebring vir keuring. Nog vroulike diere wat ingebring is kom uit die Buffalo Valley, Waldberg, Ncaga, Klaargesoek. Frelon en OTK bloedlyne. Ons volg die beginsel van probeer alles en behou die goeie. Die bulle wat ons inkoop om te gebruik is 'n tipe waarvan onsself hou, met 'n visie om eendag ons eie karakter eie aan ons Talman Drakensbergers voort te laat leef. Niks kom sonder 'n paket nie, daarom probeer ons altyd om die bes aangepaste diere te behou. Ons bulle word eers self in ons kudde gebruik, wat ons dan op 3 jaar ouderdom aan ons mede telers beskikbaar stel.

Kontak: Petrus Taljaard by 082 493 4137 vir verdere besonderhede.

MOTSEKI DRAKENSBERGERS

During May 2009 Elias Mokoena started his Drakensberger Stud by buying 15 pregnant cows plus a bull jointly with Jimmy Roos for R56,000 at the Buffalo Valley Production Sale. On the 1st of June 2009, Motseki Drakensbergers was registered at the Drakensberger Society as breeder, a first for the Drakensberger. I bought . My stud registration name is Motseki Drakensberger.

Jimmy Roos is my mentor, in cattle farm management and I have a good business relationship with him. Today I am a proud black South African cattle farmer because of him.
The cattle graze near Belfast and Jim Roos of Bell Morgan Ranch is closely involved with the developing and management of the herd. This herd is extensively managed and is in whole dependent on the field for production. Bulls are only rounded for the auction because a nice fat bull always looks good.
I will be presenting my first cattle on this sale and I believe that only my best is good enough for someone else.

Elias Mokoena 076 578 4825 / elias@massvaluation.co.za